## AFDELING D: LETTERKUNDE

Hierdie afdeling bestaan uit TWEE VRAE.

VRAAG 8: *SOLDATE IN WIT KLERE* – Hannah Bell
VRAAG 9: *LUGSPIEËLINGS* – Jackie Wolvaardt

Beantwoord EEN van die TWEE vrae.

***LUGSPIEËLINGS* – Myicelie Pienaar**

### VRAAG 8: *SOLDATE IN WIT KLERE* – Hannah Bell

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Hy, ... het gebewe soos ŉ kind van sewe. Buite die plaashuis het dit gedreun en geblits, maar dit was nie onweer wat hom bang gemaak het nie. Hy was kwaai donderweer gewoond. Daar was ŉ bose gees in die lug wat hy aan sy lyf kon voel. Dit het hy vertel.

8.1 8.1.1 Wie is die "hy" in die bostaande uittreksel? (1)
8.1.2 Waarom het hy soos ŉ kind gebewe? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Ter wille van veiligheid het die regering ŉ reël gemaak dat geen boer alleen op ŉ plaas mag bly nie. As hy aangeval word, moes daar iemand wees wat hom kan help. Soms het ŉ bejaarde egpaar saam met so ŉ boer op sy plaas gaan bly ...

8.2 Wat word die oorlog wat in hierdie land plaasvind, genoem? (1)

8.3 Hoe het baie inwoners hulle huise gedurende die oorlog verloor? (1)

8.4 Kies die antwoord uit KOLOM B om by die inligting in KOLOM A te pas. Skryf net die vraagnommer (8.4.1 – 8.4.5) en die letter (A – F) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 8.4.1 | Die eienaar van Wanedzi-plaas | A | vee |
| 8.4.2 | Hulle het daarmee geboer | B | Koelkamers |
| 8.4.3 | Die hospitaal | C | landmyn |
| 8.4.4 | Die naam van die plaasbetuurder | D | Fort Victoria |
| 8.4.5 | Los grond langs die pad | E | oom Labu |
| | | F | Nevil |

(5 x 1) (5)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Nevil en oom Labu kyk vir mekaar. "Oom mag mos nie alleen teruggaan plaas toe nie."
> "U sal maar in die dorp moet oorbly, meneer Labuschagne," sê die dokter.
> "Dis Vrydagmiddag," verduidelik oom Labu, ...

8.5 Waarom kan oom Labu nie saam met Nevil op die dorp bly nie? Gee TWEE redes. (2)

8.6 Wat is Nevil se werk op die plaas? (1)

8.7 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwoord te kies. Skryf net die vraagnommer (8.7) en die letter (A – D) neer.

Wanedzi was na aan die grens van ...

A Botswana.
B Suid-Afrika.
C Mosambiek.
D Swaziland. (1)

8.8 Wanedzi was in ’n "warm gebied". Wat beteken "warm" in hierdie konteks? (1)

8.9 Watter siekte het die dokter by Nevil gediagnoseer? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Hy het werk op die werf afgehandel en toe huis toe gegaan. In die huis het hy ’n paar ligte aangeskakel. Hy het seker gemaak dat die vensters en deure dig is. Die Agric-Alert het op sy plek in die eetkamer gestaan, maar sou hy die weermag kon ontbied noudat hy hulle streng reël om nie alleen te bly nie, verontagsaam het?

8.10 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

8.10.1 Oom Labu kon dié aand na sy buurman toe gaan om hulp te kry. (1)

8.10.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.10.1. (1)

8.11 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwoord te kies.

Om sy vrees te oorkom, het oom Labu ...

A iemand gekry om saam met hom te wees.
B langs sy bed gekniel en gebid.
C soldate gehuur om hom te beskerm.
D onder die bed weggekruip. (1)

8.12 Kies die KORREKTE woord.

Oom Labu se buurman is deur die vryheidsvegters (vrygelaat/doodgeskiet). (1)

8.13 Wie was die soldate in wit klere, volgens Oom Labu? (1)
**[20]**

**VRAAG 9: *LUGSPIEËLINGS* – Jackie Wolvaardt**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Dis vroegaand toe hulle die stad met sy wriemeling van voertuie, mense-massas en onophoudelike dreuning inry. Rosina vergaap haar aan die flikkerligte, die gloeiende neonlampe. Sy is hier, hier waar die dinge gebeur en Buster is by haar. ʼn Sielsalige sug ontsnap aan haar lippe.
> “Now we’re gonna rave, baby,” Buster sluit die motor en slaan sy arm om haar.
> “Moet ons nie eers gaan afpak by jou tannie nie?” wil Rosina weet. Sy sal darem graag iets deftigs wou aantrek.

9.1 Waar het Buster en Rosina die eerste keer ontmoet? (1)

9.2 Gee TWEE redes waarom Rosina van haar dorpie wil weggaan. (2)

9.3 Watter belofte maak Buster aan Rosina? (1)

9.4 Watter soort werk doen Buster eintlik? (1)

9.5 Vul die KORREKTE woorde in om die sinne te voltooi.
Skryf net die vraagnommer (9.5.1 – 9.5.4) en die woord neer.

| Beth; ster; onderwyseres; Cathy; dans; sangeres |
|---|

Rosina weet sy is ʼn goeie (9.5.1) ... en kan ook goed (9.5.2) ... . Haar droom is om hard te werk om ʼn (9.5.3) ... te word. Rosina wil ook ʼn plan maak om (9.5.4) ... na die stad toe te bring. (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Iemand klap haar liggies aan die wange “Wakey, wakey. So ja, that’s more like it. Haai, jy’s weer met ons, mooi. Ons het net gedink jy is vir honderd jaar uit soos daai prinses in die movie. Bus is werk toe,” stel ʼn rooikopmeisie haar gerus. ʼn Kort blondine lag neerhalend deur haar neus en die rooikop kyk haar kwaai aan.
> “Ek ... Buster se tannie, ons moet haar laat weet, sy’t dalk vir ons reggemaak,” stamel Rosina.
> “Like hell,” snork die witkop.
> “Bus het vir alles gesorg, en jy moet regmaak. Die agent wil jou sien. Soos in nou-nou. Audition.”

9.6 Waar was Buster en Rosina die vorige nag? (1)

9.7 Hoekom weet Rosina nie waar sy is nie? (1)

9.8 9.8.1 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? (1)

Buster het sy eie motor.

9.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 9.8.1. (1)

9.9 Kies die antwoord uit KOLOM B om by die inligting in KOLOM A te pas. Skryf net die vraagnommer (9.9.1 – 9.9.4) en die letter (A – D) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 9.9.1 | Mnr. Du Patsi | A | word vir prostitusie en dwelms aangekla |
| 9.9.2 | Buster en sy bende | B | ou koei |
| 9.9.3 | Die speurder | C | glo Buster is slegte nuus |
| 9.9.4 | Joseph | D | waarsku Rosina teen Buster |
| 9.9.5 | Ouerige dame in 'n Volksie | E | neem Rosina terug huis toe |

(5 x 1) (5)

9.10 Wat leer jy uit Rosina se ervaring? Noem TWEE dinge. (2)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 20**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou